Posbus 107, Durbanville 7551
E-pos: ontvangs@durbanvillegemeente.co.za
Tel : 021 975 6370
www.durbanvillegemeente.co.za

Durbanville Gemeente

Bevestiging van Verbintenisse
tussen mense van dieselfde geslag
in Durbanville Gemeente

Durbanville Gemeente se reis met betrekking tot selfdegeslag verhoudings het ‘n lang aanloop tot waar ons vandag gekom het. Oor die afgelope klompie jare was die saak in biddende afhanklikheid van die Here by verskillende geleenthede in die gemeente en ook op vergaderings van die kerkraad bestudeer en bespreek.

Met verloop van tyd het dit al hoe duideliker geword dat Durbanville Gemeente ‘n ruimte wil wees waar daar plek is vir verskillende standpunte en oortuigings oor hierdie saak. Tóg wil ons ook ‘n verwelkomende ruimte vir persone in selfdegeslag verhoudings skep. Al die besluite van die kerkraad het dít in gemeen dat ons enersyds ‘n insluitende ruimte vir persone in selfdegeslag verhoudings wil bied en andersyds ruimte wil bied vir persone wat daarvan verskil om hierdie besluite nie as gewetensbindend te beskou nie.

Bo alles is daar ons eenheid in Christus, die Hoof van die liggaam. Mag ons aanhou om in liefde saam te leef en met respek en deernis van mekaar te verskil.

A. Gemeentebeleid

Op 24 April 2018 het die kerkraad ‘n besluit geneem wat die Gemeente se benadering tot selfdegeslag verhoudings beskryf. Die tweede punt van die besluit het die volgende gesê:

2. Alhoewel die Kerkraad bewus is daarvan dat daar verskillende standpunte oor selfdegslag verbintenisse in ons gemeente is, is ons oortuig dat daar oorgenoeg eenstemmigheid is, wat ons instaat stel om verder saam op reis te bly, sonder om te kies vir die een of die ander standpunt. Dit sluit in:

2.1 Dat alle mense geskape is na die beeld van God.

2.2 Dat alle mense sondig en ver van God af is. Daar is nie ‘n lys van groter of kleiner sonde nie. Alle mense is totaal verdorwe in sonde (*corruptio totalis*).

2.3 Dat alles wat my verhouding met God, ander mense, myself en die skepping beskadig, sonde is.

2.4 Dat gelowiges deur Christus se genade alleen verlos word en nie deur goeie dade nie. Dit is juis vanuit die genade, dat ons ons sonde leer ken.

2.5 Dat alle gelowiges in Christus nuwe mense is, wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van God, deur die kragtige werking van die Heilige Gees in ons.

2.6 Dat alle gedooptes volwaardige lede van die liggaam van Christus is, op grond van hulle doop en geloof, en niks anders nie.

2.7 Dat seksualiteit ‘n goeie gawe van God is, maar dat dit mense kan seermaak as dit nie reg hanteer word nie. Daarom is seksuele losbandigheid nie God se wil nie.

2.8 Dat gelowiges begelei moet word om hulle seksualiteit op ‘n verantwoordelike wyse uit te leef, in gehoorsame navolging van Jesus, wat ons lei deur sy Woord en sy Gees.

Posbus 107, Durbanville 7551
E-pos: ontvangs@durbanvillegemeente.co.za
Tel : 021 975 6370
www.durbanvillegemeente.co.za

Durbanville Gemeente

B. Doop van gay gelowiges se kinders

Die Kerkraad het ook op 28 Augustus 2018 die volgende besluit:

Die Kerkraad beslis dat daar geen Bybelse redes is waarom die Woord, doop en nagmaal nié aan die kinders van gelowige gay ouers bedien mag word nie.

C. Bevestiging van gay verbintenisse in die kerkgebou

Die Kerkraad het sedert daardie besluite ook nagedink oor die bevestiging en viering van verbintenisse tussen mense van die dieselfde geslag in die kerkgebou van die gemeente.

Op Maandag 16 September 2019 het die kerkraad geluister na die verhale van drie gay lidmate van die NG Kerk wat in vaste verbintenisse van liefde en trou is.

Die Kerkraad het bespreek en nagedink oor hoe die kerk mense se verhoudings ondersteun. Die Kerkraad het besef dat ons dikwels nie genoeg doen om heteroseksuele huwelike deur swaar tye by te staan en te dra nie.

Die Kerkraad het ook besef dat gay pare op hierdie stadium geen erkenning van en ondersteuning in hulle verbintenisse van liefde en trou van die kerk ontvang nie.

In die nadenke oor die bevestiging en viering van gay gelowiges se verbintenis, is dit belangrik om die volgende in gedagte te hou:

- Alle gedooptes is volwaardige lede van die liggaam van Christus is, op grond van hulle doop en geloof, en niks anders nie. Dit gee hulle toegang tot die volle lewe van die gemeente.

- Seksualiteit is ‘n goeie gawe van God, maar dit kan mense seermaak as dit nie reg hanteer word nie. Daarom is seksuele losbandigheid nie God se wil nie en moet gelowiges begelei word om hulle seksualiteit op ‘n verantwoordelike wyse uit te leef.

- Aan heteroseksuele gelowiges word die huwelik aangebied as die veilige ruimte waarbinne seksualiteit op ‘n gesonde manier uitgeleef kan word en kan gedy. Vir gay gelowiges is daar nie so ‘n ruimte binne die kerk nie. Gevolglik het gay gelowiges slegs een van twee opsies binne die kerk: selibaat of losbandigheid.

- Binne die gereformeerde tradisie is selibaat nog nooit voorgehou as ‘n voorwaarde tot die lewe van geloof of tot diens in die kerk nie. Paulus sê dat selibaat ‘n spesiale gawe is, wat God slegs aan sommiges gee.

- Dit raak onhoudbaar vir die kerk om gay gelowiges te maan tot seksuele reinheid en verantwoordelikheid, as daar geen ruimte is waarbinne gay gelowiges hulle seksualiteit op ‘n rein en verantwoordelike wyse kan uitleef nie.

- Die kerk moet altyd sonde afwys, veral ook seksuele sonde, aangesien dit mense op ‘n baie brose en intieme gebied seermaak en beskadig. Seksuele sonde is enige seksuele handeling, binne enige verhouding, waarin daar sprake is van liefdeloosheid en ontrou. Dit kan die vorm aanneem van seksuele magsmisbruik, mishandeling, manipulering, minagting, dwang of geweld.

- Die teenoorgestelde van bogenoemde sonde is liefde en trou. Met ander woorde waar daar wederkerige respek, waardering en versorging is. Dit is waar seksuele intimiteit ‘n manier is om mekaar te koester, op te bou en te laat floreer.

Posbus 107, Durbanville 7551
E-pos: ontvangs@durbanvillegemeente.co.za
Tel : 021 975 6370
www.durbanvillegemeente.co.za

- Permanente verbintenisse van liefde en trou ervaar geweldige druk en slaag dikwels nie. Daarom is die geloofsgemeenskap se bevestiging, ondersteuning en viering van mense se verbintenisse van liefde en trou van kardinale belang.

Besluit: In die lig van die bogenoemde besluit die Kerkraad op 22 Oktober 2019:

1.1 Gay gelowiges se verbintenis van liefde en trou mag in die kerkgebou bevestig word.

1.2 Die kerkraad gee toestemming dat die predikante van die gemeente 'n verbintenis van liefde en trou tussen gay gelowiges mag bevestig en vier, indien die predikant dit uit eie geloofsoortuiging wil doen.

D. Die pad vorentoe

Die Kerkraad gee aan gemeentelede die geleentheid om 'n afspraak te maak met enige van die predikante of kerkraadslede, indien jy die behoefte het om verder hieroor te gesels.

Die Kerkraad respekteer die verskeidenheid van standpunte wat daar oor hierdie onderwerp bestaan. Alhoewel gay gelowiges voortaan hulle verbintenisse van liefde en trou in die kerkgebou mag vier, beteken dit nie dat hierdie besluit gewetensbindend is vir lidmate wat anders hieroor dink nie. Verskille van opinie kan steeds gehandhaaf word en sal as sodanig gerespekteer word.

Die derde en vierde punte van die gemeente se beleid moet in gedagte gehou word:

3. Die Kerkraad is van harte oortuig daarvan dat:

3.1 Ons gemeentelede Christus aanbid as ons Here en Hoof, die opgestane, lewende Here, wat ons daagliks lei deur sy lewende Woord en Gees, en wie se wil ons saam in afhanklikheid en nederigheid moet onderskei, in 'n begeerte om Hom gehoorsaam na te volg.

3.2 Ons daarom mekaar se bona fides kan vertrou, mekaar se opregte soeke na die waarheid moet respekteer, mekaar moet ondersteun en vir mekaar moet bid, in ons unieke, worstelende soeke na die lewende, sprekende God se leiding en wysheid.

3.3 Ons geen etiketering, verdagmakery of skeurmakery in ons gemeente mag duld nie. Mense wat moontlik 'n "pro-standpunt" huldig, mag nie sondermeer beskuldig word dat hulle die Woord van God minag nie, en mense wat moontlik 'n "anti-standpunt" huldig, mag nie as liefdeloos uitgekryt word nie.

3.4 Ons eenheid in Christus veel groter en sterker is, en ons roeping om te getuig van Christus se Koningsheerskappy veel belangriker en dringender is, as enige debatte wat ons onderling verdeel, uitmekaarskeur en ons aandag aftrek deur argumente waaroor ons nooit gaan saamstem nie.

4. Die Kerkraad verbind onsself tot 'n voortgaande soeke na Christus se leiding deur sy Woord en Gees, soos verwoord in die 2004 Sinodebesluit:

"In die lig van hierdie belydenis glo ons dat God ook in die uitdagende tye waarin ons leef, sy kerk deur sy Woord en Gees in die waarheid sal lei. As Gereformeerdes verbind ons ons daartoe om, ook wat die komplekse leerstellige en etiese kwessies van ons tyd betref, in hierdie oortuiging saam te soek na waarheid, geregtigheid en barmhartigheid. Ons glo dat hierdie soeke 'n ekumeniese strewe is, in verbondenheid met die kerk van alle eeue en die kerk dwarsoor die wêreld. Waar ons van mekaar verskil, glo ons dat ons in gesprek met mekaar moet bly, in die gebed dat God ons liefde al meer sal laat toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat ons die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom (Filippense 1:9-10)."